

Ontmoeting 5

Ester: Die regte vrou op die regte plek

Kinders ontdek hoe enigiemand op 'n spesifieke plek en tyd deur God gebruik kan word

Teks: Ester

Hulpmiddels:

- Laken of kombes
- Koerant
- Sosatiestokkies of *dowels*
- Foelie
- Versierings, gom en skêre
- Afdrukke van die geheime tekste
- Bybels



Welkom

“Mystery” Kniekoppe: Gebruik 'n laken of kombes en vra 2 kinders om dit vas te hou. Die kombes moet so 40 cm bo die vloer hang. Gee nou kans vir 5 kinders om na vore te kom terwyl die res van die groep hul oë toemaak. Die 5 kinders kry kans om hul skoene uit te trek en in enige volgorde agter die kombes te staan. Hulle lywe en gesigte mag nie uitsteek bo die kombes nie. (Dit sal goed werk as hulle op stoele sit.) Die res van die groep kry nou kans om te raai watter stel voete/ kniekoppe behoort aan watter kind.

“Mystery” ID: Ons speel 'n vinnige hersieningspeletjie. Raai wie is die geheime persoon. Ons gee een eienskap van die persoon se identiteit en die kinders moet raai wie dit was.

Leidrade:

- Hy was in 'n groot vis (Jona)
- Hy was in 'n leeu kuil (Daniël)
- Hy was die eerste koning (Saul)
- Sy het saam met haar skoonma gaan bly (Rut)
- Hy het heuning uit 'n leeu geëet (Simson)
- Hy woon van kleintyd af in 'n tempel (Samuel)
- Hy veg teen 'n reus (Dawid)
- Hy is baie slim (Salomo)
- God leer hom van klei (Jeremia)



Wyding

Stilword-ritueel:

Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in 'n rustige stem (terwyl hul oë toebly): “God se lig skyn altyd voor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem.” Wag nog 'n paar tellings en sê dan: “Amen.”



Woord

Soos julle weet, het God se mense nou in verskillende lande gebly. In daardie tyd was daar 'n jong Joodse meisie met die naam Ester. Haar ouers is oorlede en sy is deur haar oom Mordegai grootgemaak. Hulle het in 'n stad met die naam Susan gewoon. Die koning van daardie tyd was Koning Ahasveros en sy koningin se naam was Vasti. Koningin Vasti het (met goeie rede) nie genoeg respek vir haar man gewys toe hy dit verwag het nie. Die koning was bang dat sy 'n slegte voorbeeld vir ander vroue sal wees, toe besluit hy sy is nie meer koningin nie en stuur haar weg. Dit was 'n groot skande. Toe besluit die koning dat daar 'n nuwe koningin gekies moet word.

Hier is hoe die kies van 'n nuwe koningin sou werk...

Van oral af moes al die mooi jongmeisies na die vroueblyplek in die paleis gebring word. Daar is ook 'n man aangestel met die naam Hegai wat in beheer was van al die vroue wat in die paleis moes kom bly. Hy moes sorg dat hulle skoonheidsbehandelinge kry en dan kon die koning vir hom die mooiste meisie uitkies om koningin te word. Ester was een van die meisies wat in die paleis moes gaan bly. Hegai het dadelik van Ester gehou en haar voorgetrek. Sy het skoonheidsbehandelinge en 'n spesiale dieet gevolg. Hy het haar na die beste deel van die vroueblyplek toe geskuif en vir haar slawe gegee.

Op haar oom se advies het Ester vir niemand vertel dat sy 'n Jood was nie. Haar oom het ook elke dag by die paleis 'n draai gemaak om te hoor hoe dit met haar gaan. Na 12 maande het elke meisie 'n kans gehad om voor die koning te verskyn sodat hy een kon kies. Toe dit Ester se beurt was, het almal wat haar gesien het, haar bewonder.

Toe die koning haar sien, het hy dadelik besluit om haar die nuwe koningin te maak. Haar oom Mordegai het ook werk in die paleis gekry. Ester het nog steeds niks gesê oor haar agtergrond en dat sy 'n Jood was nie. In die tyd wat Mordegai vir die koning gewerk het, het hy twee van die koning se persoonlike lyfwagte hoor praat. Hulle was kwaad vir die koning en het planne gemaak om hom te vermoor. Toe Mordegai dit hoor, het hy vir Ester daarvan vertel. Ester het na die koning gegaan en vir hom vertel wat Mordegai uitgevind het. Die koning het dadelik verder navraag gedoen. Dit het toe uitgekom dat dit waar was: die twee manne wou die koning vermoor. Hulle is toe dadelik gehang en hierdie storie is in die koning se geskiedenisboeke opgeteken.

Daar was ook 'n man met die naam, Haman. Hy was tweede in bevel van die land. Op bevel van die koning moes al die paleis-amptenare voor Haman buig om hulle respek vir hom te wys. Almal het dit gedoen, behalwe Ester se oom, Mordegai. Mordegai wou dit nie doen nie, want hy was 'n Jood en hy sou net voor God buig.

Haman was woedend toe hy uitvind dat Mordegai nie respek het vir hom nie. Toe besluit hy om nie net vir Mordegai te straf nie, maar om sommer al die Jode (Israeliete) uit te roei. Haman kies toe 'n datum waarop hulle sou begin om al die Jode dood te maak. Haman gaan toe na die koning toe en sê: "Hier woon 'n volk in ons land wat anders is as ons. Hulle aanvaar nie eers ons wette nie. Gee my toestemming om hulle uit te roei." Die koning het hierop gesê: "Doen met die Jode net wat jy wil." Maar wat die koning nie besef het nie, was dat sy eie vrou, Ester, 'n Jood was. Toe Mordegai hoor wat gebeur het, was hy baie hartseer en ontsteld. Hy het begrafnisklere aangetrek en al huilende deur die stad geloop tot by die ingang van die paleis. Toe Ester hoor dat haar oom begrafnisklere aan het en staan en huil, het sy besef iets is fout. Sy het dadelik een van haar mense na hom toe gestuur om uit te vind wat aangaan. Mordegai het vertel wat gaan gebeur en gevra dat Ester die koning moet gaan sien en met hom hieroor praat.

Maar julle, dit het nie in daardie tyd so gewerk nie. Jy kon nie net die koning gaan sien nie. Nie eers sy vrou nie. Jy moes geroep of genooi word. Gewoonlik as die koning sy septer ('n groot goue stok) na iemand uitgesteek het, kon hulle nader gaan; anders is hulle doodgemaak! Maar Ester besluit om tog maar die koning te gaan sien. Sy het eers vir 3 dae gevas en gebid daarvoor. Sy het ook gevra dat haar oom Mordegai en die ander Jode in die stad ook sal bid en vas. Drie dae later het Ester haar koninklike klere aangetrek en in die voorportaal van die paleis regoor die troonsaal van die koning gaan staan. Die koning het regoor die ingang op sy troon gesit. Toe hy haar daar in die voorportaal sien staan, was hy so oorrumpel deur haar skoonheid dat hy dadelik sy goue septer na haar toe uitgesteek het. (Dit was die teken dat sy nader mag kom en met hom kon praat.)

Hy vra haar toe: “Wat is dit, my koningin? Sê vir my wat jy wil hê en ek sal dit vir jou gee, al is dit ook die helfte van my koninkryk.”

“As dit met u reg is,” sê sy toe: “wil ek graag hê dat u en Haman vanaand my gaste sal wees by h ete wat ek voorberei het.” Toe sê die koning: “Gaan haal dadelik vir Haman dat ons kan doen wat Ester vra.”

By die ete sê Ester toe: “Wat ek graag wil hê, dit is nou te sê as die koning dit wil doen, is dat u en Haman môre weer my gaste sal wees. By daardie ete sal ek vir u sê wat ek wil hê.”

Toe Haman daardie aand by die huis kom, het hy vreeslik by sy vrou gespog. Hy het tog saam met die koning en koningin geëet en hy sou die volgende aand weer saam met hulle eet. Maar daar was een ding wat hom vreeslik irriteer en dit was Mordegai. As hy net van hom ontslae kon raak, sou sy lewe perfek wees.

Sy vrou se raad is toe: “Laat bou môreoggend h galg en vra die koning of jy maar vir Mordegai sommer dadelik daar kan ophang. Daarna kan jy lekker saam met die koning en koningin gaan eet.”

Maar daardie selfde nag kon die koning nie slaap nie. Iets het hom gepla. Hy het sy land se geskiedenisboeke laat haal en een van sy slawe het daaruit vir hom gelees in die hoop dat hy sou vaak raak en slaap.

En daar in die geskiedenisboeke lees sy slaaf hoe Mordegai jare terug die koning se lewe gered het toe twee van sy soldate hom wou doodmaak. Die koning wou dadelik weet of Mordegai beloon is vir sy goeie daad. Maar nee, Mordegai is nooit beloon nie. Die volgende oggend laat kom die koning vir Haman en vra vir hom wat hy sou doen om iemand te beloon. Haman het gedink die koning wou hom beloon en dink toe iets spesiaal uit:

“Vat mooi klere wat u as koning self dra, vat ook h perd waarop u self ry. Gee dan die klere en die perd vir een van die koning se heel belangrikste amptenare. Hy moet dit dan vir die persoon gaan aantrek en hom deur die strate lei en hardop uitroep: “So sê die koning vir hierdie man dankie!”

Die koning sê toe: “Dit is h goeie plan. Gaan doen dit vir die Jood, Mordegai.” Haman moes dit toe doen. Hy was baie ontsteld, skaam en kwaad! Later daardie dag was dit die ete by die koningin. Terwyl hulle so gesit en eet het, het die koning vir Ester gevra: “Wat is dit wat jy van my wil hê? Sê my en ek sal dit vir jou gee.”

Koningin Ester antwoord: “As dit vir die koning reg is, wil ek graag die volgende versoek rig: Laat my en my mense asseblief toe om te bly lewe.” “Wie wil julle dan doodmaak?” wou die koning weet. “Waar is hierdie man?”

Toe sê Ester: “Ons vyand wat ons wil doodmaak, is hierdie man, Haman.” Haman het hom asvaal geskrik!

Met reg ook, want op daardie oomblik besef die koning dat sy vrou h Jood is en dit is die volk vir wie Haman haat.

Die koning beveel toe dat daar h galg gebou word en dat Haman opgehang word. Die mense sê toe: “Die galg is klaar gebou, want Haman wou Mordegai daar ophang.” Daardie dag word Haman toe aan sy eie galg opgehang. Die koning het ook die bevel om al die Jode dood te maak, laat verander.

Ester was koningin op presies die regte tyd. Sy was dapper en gelowig. Met die Here se hulp kon sy h plan maak wat gewerk het.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder wie jy in die verhaal wil wees.
3. Ek wonder of jy trots/dankbaar is.



Werskaf

- Gebruik die Bybel om die geheime teksverse te voltooi.
- Maak septers.

Sluit af met die seënbede


“Die Here kies jou om mense wat swaarkry, te gaan help, maak nie saak wie jy is nie. Gaan nou, moenie bang wees nie. Die Here is met jou.”



Hoe om septers te maak:

Frommel koerantpapier op en draai die balletjie toe met foelie. Plak die foelieballetjie met maskeerband vas aan die bokant van h "dowel". Draai nou die bal en "dowel" heeltemal toe met foelie. Die kinders kan hul septers versier met sterre en ander blink goedjies.

Alternatiewelik kan die patrone regs op karton afgeteken en uitgeknipt word. Monteer twee septerkoppe (wat dieselfde is) aan weerskante van h "dowel" en trek ook met foelie oor.



Voltooi die volgende verse. Gebruik jou Bybel om dit op te soek.

1. "Moenie _____ wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou _____. Ek _____ jou, Ek _____ jou, Ek hou jou _____, met my eie hand _____ Ek jou." - Jesaja 41:10
2. "As U dit _____, vaardig 'n _____ bevel uit en laat skryf dit in die wette van _____ en Medië, wat nie herroep kan word nie, dat _____ nie meer voor Koning Ahasveros mag verskyn nie en dat hy haar as _____ vervang met iemand wat haar beter sal _____ as sy." - Ester 1:19
3. "Ester was die dogter van _____, 'n oom van _____ wat haar as sy dogter aangeneem het." - Ester 2:15
4. "In die tyd wat Mordegai in die poort van die _____ gesit het, het _____ en _____, twee _____ van die koning wat die poortwagte was, verbitterd geraak en saamgesweer om koning Ahasveros te _____." - Ester 2:21

ANTWOORDE:

"Moenie **bang** wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou **God**. Ek **versterk** jou, Ek **help** jou, Ek hou jou **vas**, met my eie hand **red** Ek jou." Jesaja 41:10

"As U dit **goedvind**, vaardig 'n **koninklike** bevel uit en laat skryf dit in die wette van **Persië** en Medië, wat nie herroep kan word nie, dat **Vasti** nie meer voor Koning Ahasveros mag verskyn nie en dat hy haar as **koningin** vervang met iemand wat haar beter sal **gedra** as sy." Ester 1:19

"Ester was die dogter van **Abigajil**, 'n oom van **Mordegai** wat haar as sy dogter aangeneem het." Ester 2:15

"In die tyd wat Mordegai in die poort van die **paleis** gesit het, het **Bigtan** en **Teres**, twee **paleisbeamptes** van die koning wat die poortwagte was, verbitterd geraak en saamgesweer om koning Ahasveros te **vermoor**." Ester 2:21